

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA - MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

1 JULIE 2018 **Nr. 678**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!

Predikant: Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba: Br Piet Prinsloo	Tel: 012 567 6109	Sel: 072 117 6117
Attes-skriba: Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Sustersake: Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Admin. Beampte: Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure: Dinsdae, Donderdae & Vrydae vanaf 08:00 tot 13:00		
Koster: Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres: admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf: www.gkmagalieskruin.co.za	

EREDIENSTE

OGGEND **08:00** Ds Gert Erasmus

Skriflesing: Psalm 123

Teks: Psalm 123: 1, 2

Tema: God leer ons deur sy Heilige Gees om smekend, in gebed op Hom gerig te wees!

Sang: Ps 100: 1,2 Ps 119: 19 Ps 123: 1 Ps 128: 1 Sb 13-3 (78)

Kollektes: Diens van Barmhartigheid Hulp in Kerkverband

AAND **17:45** Ds Gert Erasmus

Skriflesing: Lukas 18: 9 – 14; Johannes 3: 22 - 36

Belydenis: NGB Art 14 (2)

Tema: God roep ons deur Sy genade om in sy herstelde verhouding tot Hom te leef!

Sang: Ps 18: 1 Ps 8: 5 Ps 33: 3 Sb 13-3 (78)

Kollektes: Diens van Barmhartigheid Instandhouding van die erediens

PREKE OP CD

Plaas u bestelling op GK Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek. Koste: **R30 per CD** enkel in kassie, **R50 per 2 CDs** in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie. **PREKE OP DIE WEBWERF:** Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

(Efésiërs 6: 12 "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.")

Bewaar asb hierdie NUUSBRIEF vir al die nodige inligting.
Die volgende Nuusbrief verskyn DV eers weer op 22 Julie 2018.

VIR MEELEWING

'n Besonderse welkom aan

- Jaap Roux en sy span van **PRETORIA-FM** by vanoggend se erediens.

Meelewing

- sr Willa Botha (082 257 5413) wat in die hospitaal was..
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: Sr Rina de Jager (Montamed); br Andries Nel (Huis Blymoedig); sr Riekie Grobler (Montamed).

Die volgende lidmate gaan hierdie week vir mediese prosedures

- Ons dink aan lidmate wat in die vakansietyd vir mediese prosedures moet gaan.

Medelye

- Ons dink aan die Len & Mari van Eeden en kinders met die afsterwe van Susaar Joubert die vorige week. **.**

Baie geluk aan

- Adriaan Venter en Nelda Venter wat op 23 Junie 2018 getroud is! Baie geluk aan Danie en Magda Schoeman met die troue van hul dogter en skoonseun. Asook aan Ouma Nellie Oberholzer en Ouma Henna Venter.

NUWE SAKE

PRETORIA FM – EREDIENSOPNAME (VANOGGEND):

Ons verwelkom vanoggend vir Jaap Roux en sy span van **PRETORIA-FM** vanoggend saam met ons in die huis van ons Here! Daar is vanoggend **'n erediensopname** (**1 Julie 2018**) in ons gemeente van **PRETORIA-FM** met **oggenderediens (08h00).**

Nuwe lidmate

Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak!

Welkom aan die volgende lidmate wat reeds by ons aangesluit het!!

Wyk F05	***br André en sr Hannetjie van Wyk***	***071 354 3660/074 107 8035***
Wyk F10	***br Andries en sr Henna Nel***	***082 871 1493***
Wyk E01	***br Hercules en sr Ansie Botha***	***082 781 5733/082 449 1158***
Wyk F11	***sr Pikkie Thiart***	***072 458 3988***
Wyk E11	***sr Marina Theron***	***082 920 2404***
Wyk E03	***sr Hettie Venter***	***083 725 4652***
Wyk E03	***br Piet en sr Marina Steyn***	***082 495 7862/082 356 0477***
Wyk F01	***sr Engela Lourens***	***083 228 2264***
Wyk F11	***sr Willa Botha***	***082 257 5413***
Wyk A02	***br Gerhard en sr Monica Aucamp en dooplidmate Hardus en Marquerite***	***082 923 4564/082 465 5551***
Wyk A02	***br Chris en sr Amy Duvenhage***	***082 412 6946/083 324 6746***
Wyk E09	***sr Joey Buys***	***083 740 5003***
Wyk F11	***br Rienes en sr Marthie Nieman en dooplidmate Armandt en Janrico***	***084 707 8110/083 347 7638***

Enige verandering van u persoonlike inligting

Indien enige inligting van 'n lidmaat verander het soos adres, telefoon, selfoon, beroep of e-pos, vra ons dat u asb die inligting sal deurgee na die kantoor.

GEMEENTEKAMP 2019

BAIE BELANGRIK!!!!! In die voorportaal (op die kennisgewingsbord) is daar 'n lys met die oog op volgende jaar se gemeentekamp. Gaan skryf asb, **die wat belangstel**, julle name op die lys. Die kampkommissie wil solank 'n idee kry hoeveel lidmate die kamp gaan bywoon! Ons het jou naam nodig om te bepaal WATTER KAMPPLEK gekies moet word asook HOE GROOT die kampplek moet wees.

MOET NIE LAAT SLAAP NIE... SKRYF JOU NAAM OP!!!!

Skoolverlaterskamp 2018

Vanaf 8-13 Julie te Nooitgedacht Kampterrein (Dit is 'n NWU kampterrein in die koepel langs die Vaalrivier) Koste R800 p.p. (Alle etes word voorsien).
Die doel van die Skoolverlaterskamp is om skoolkinders vanaf gr. 10 tot 12 te bedien met die Woord, saam bande te bou as medegelowiges, en om saam God te loof. Die kamp bestaan uit verskeie pret en leersame elemente bv. Bybelstudie, lofprysing asook prettige groep-aktiwiteite en genoegsame aftyd om die heerlike koepel-omgewing te geniet. Hierdie kamp is 'n besondere tyd vir stil word voor die Here in sy skepping en voor sy Woord. Dit is ook 'n tyd vir bande bou met jou mede-gelowiges en om studente te ontmoet wat die Here ken en dien en by hulle te leer. Vir enige verdere inligting, kontak my gerus:
Peet van der Westhuizen – 078 580 4945

GEREFORMEERDE VRIENDEKRING

Ons September 2018 Midweek!!!
Vir 'n beter prys sal jy dit nooit kry nie. Ons het 20% afslag beding.
Wanneer: 9-14 September 2018
Waar: WEESGERUS (Modimolle/Nylstroom)
Koste: R2275 per persoon wat deel (Die prys is van toepassing vir 30 persone.)
Bespreek jou plek onmiddelik deur jou deposito van R1140 te betaal voor of op 2 Julie 2018.
Die res te betaal voor of op 2 Augustus 2018.
Skakel Mariki 072 980 9287 om jou naam op te sit.
Ons het plek vir 30 mense. Luukse busvervoer, verblyf in chalets, 2 etes per dag.
Kom saam! Sien daarna uit om jou te ontvang.

SUSTERS

TEESKINKBEURTE
1, 8 en 15 Julie: Geen tee agv die skoolvakansie.
Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!
22 Julie Wyk E05 Vakant
Wyk E09 Carla Aucamp
Wyk F07 Marietjie Erasmus

KATKISASIE

KATKISASIE
Gr 0-11: Vandag: *Geen katkisasie tydensskoolvakansie nie Ons hervat DV 22 Julie les15*.
Gr 8-11: Wo 18 Julie: Katkisasie hervat DV op Woensdag 18 Julie 2018.

NASKOOLSE JEUG BYBELSTUDIE

GEEN Naskoolse Jeug Bybelstudie nie. Ons hervat DV Woensdag **18 Julie 2018** weer.

KERKSAKE

PRETORIA FM – EREDIENSOPNAME (Sondag 1 Julie 2018):

Daar is **'n erediensopname** (Sondag **1 Julie 2018)** in ons gemeente van **PRETORIA FM** met die **oggenderediens (08:00).**

BEROEPE ONTVANG

- Proponent PW Smit (Wouter) na Vereeniging.

BEROEPE BEDANK

- Ds WJ Botha (Kobus) van Bloemfontein-Noord na Durban-Noord.

BEROEPBAAR GESTEL

- br. P.W. Smit (Wouter)
- ds JFK Mulder (Frikkie)
- dr GJ Niemann (Gerhard)

DAGBOEK–DATUMS

Dinsdag 17 Julie Skole heropen

KENNISGEWINGBORD

GAAN LEES DIE VOLGENDE:

- *Intekening op Kerklike Tydskrifte: Kerkblad; Vroueblad en Slingervel*
- *3 – 5 Julie: GK Naboomspruit: Kothuis Mark en Teetuin*
- *8 – 13 Julie: GK Cachet – Skoolverlaterskamp*
- *20 Julie: GK Louis Trichard: Dopper Wildsfees*
- *21 Julie: GK Bronkhorstspruit: Manna Ontbyt*
- *26 Julie: Transoranje & Touch of Class "Sound of Silence" Concert*
- *28 Julie: GK Phalaborwa: Plaaskombuis Wildsete*
- *27 &28 Julie: GK Cachet: Kampus Basaar*

VAKATURE:

Kinderversorger te President Kruger Kinderhuis op Reddersburg

Bewaar asb hierdie VERJAARSDAGLYS vir al die nodige inligting.
Die volgende Nuusbrief verskyn DV eers weer op 22 Julie 2018.

VERJAARSDAE Mag die Here vir u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

Julie	Maandag	02	Henco Botha	076 708 2696
		02	Ina Cilliers	084 743 5930
		02	André Marais	082 372 6906
	Donderdag	05	Henna Nel	082 871 1493
	Saterdag	07	Annelize Barnard	082 896 3666
		07	Anneke Scheepers	079 815 9774
	Sondag	08	Charmaine de Kock	082 440 4636
	Dinsdag	10	Anelma Broere	083 492 7466
		10	Jurgens van Brakel	083 395 5332
	Woensdag	11	Louis Coetzee	082 853 4087
		11	Liandi Mulder	082 596 5966
	Donderdag	12	Joey Buys	083 740 5003
	Vrydag	13	Rina Manten	012 548 1590
	Saterdag	14	Etienne Venter	012 543 9971
	Maandag	16	Elsa van den Berg	082 439 8002
	Dinsdag	17	Monica Aucamp	082 465 5551
		17	Jeanette Coetzer	082 732 1354

	17	Doné de Kock	082 440 4636
	17	Krüger Horn	082 572 9418
	17	Ronnie Posthumus	072 245 1984
Woensdag	18	Erica Kruger	082 826 0333
	18	Jana Labuscagne	082 638 3333
	18	Innes Potgieter	082 510 5441
	18	Marie Pretorius	072 329 6696
Vrydag	20	Ansie du Plessis	082 845 3194

KOLLEKTES

Onder die erediens – Diens van Barmhartigheid

By die deure	Oggend	Aand
08 Julie	Evangelisering	Hulp in Kerkverband
15 Julie	Evangelisering	Hulp in Kerkverband
22 Julie	Instandhouding van die erediens	Evangelisering